

# Die ontleding van wetgewing en bestaande programme en dienste vir straatkinders in Suid-Afrika

Elzahne Simeon, Alida Herbst en Herman Strydom

---

Elzahne Simeon, Departement Maatskaplike Werk,  
Alida Herbst, direkteur Skool vir Psigososiale Gesondheid en  
Herman Strydom, COMPRES, Noordwes-Universiteit

---

## *Opsomming*

Die straatkindverskynsel is 'n steeds groeiende maatskaplike probleem, wêreldwyd en spesifiek ook in Suid-Afrika. Straatkinders is kinders wat op straat leef of werk, met min of geen gesinsbande nie, en wat as gevolg van gesinsgeweld, gesinsverbrokkeling, mishandeling, verwaarlosing of armoede of om enige ander rede op straat beland het en spesifieke oorlewingstrategieë ontwikkel het. Die doelstelling van die ondersoek waarop hierdie artikel gebaseer is, is om bestaande programme vir straatkinders in Suid-Afrika asook wetgewing met behulp van 'n SWOT-ontleding te ontleed. Hierdie ontleding sal help om 'n holistiese beeld te verkry van dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika asook om aanbevelings te maak om dienslewering aan straatkinders te verbeter.

Wetgewing rakende straatkinders in Suid-Afrika het verander, en in die besonder maak die Kinderwet 38 van 2005 nou vir die eerste keer voorsiening vir straatkinders en hulle psigososiale behoeftes. Die huidige wetgewing en beleidsraamwerke wat in Suid-Afrika beskikbaar is, asook 'n internasionale beleidstuk word bespreek. In Suid-Afrika is daar programme en projekte wat dienste aan straatkinders lewer. Die dienste wat gelewer word, vorm deel van die ontwikkelingsparadigma vir maatskaplike welsyn. Hierdie benadering tot maatskaplike welsyn het grootliks bygedra tot die implementering van die Geïntegreerde Diensleweringmodel van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling. Programme en diensleweringstrukture vir straatkinders word behandel, waarna 'n ontleding van wetgewing, beleidsraamwerke, bestaande programme en beskikbare dienste vir straatkinders gedoen word aan die hand van 'n SWOT-ontleding.

Uit die artikel is dit duidelik dat wetgewing en beleidsraamwerke ten opsigte van dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika oor die jare verbeter het en dat die regering daadwerklike pogings aanwend om in ooreenstemming met hierdie wetgewing en beleidsdokumente in straatkinders se behoeftes te voorsien. Daar bestaan egter heelwat

bedreigings wat betref geldelike ondersteuning aan organisasies wat programme en dienste aan straatkinders lewer, voldoende opgeleide personeel, onkunde in die gemeenskap, miskenning van die regte van straatkinders, en dikwels ook verontagsaming van die beginsel dat die beste belang van die kind van kardinale belang is.

**Trefwoorde:** beleidsdokumente; dienslewering; hulpverleningsprogramme; straatkinders; SWOT-ontleding; wetgewing

### *Abstract*

#### **An analysis of legislation and existing programmes and services for street children in South Africa**

The phenomenon of street children is a growing social problem, both worldwide and in South Africa. It is, however, difficult to ascertain accurate numbers of street children due to their high mobility and other factors that lead them to work and live in a rather concealed fashion. Literature on the phenomenon of street children is scarce and outdated. There is especially a scarcity of literature on the psycho-social needs and functioning of street children in South Africa and possible intervention strategies regarding this vulnerable group. Street children can be regarded as children living and working on the street, with few or no family ties, who landed on the street because of family violence, broken homes, maltreatment, neglect, poverty or some macro-issues such as urbanisation and overpopulation. Factors that entice children to live on the street can be seen as group pressure, a search for freedom, need for finances, drugs and a search for a better life.

A research question was formulated for this study along the lines of: What is the nature of service delivery to street children in South Africa in terms of existing legislation, programmes and services? From the research question the aim of the article was formulated as: To analyse existing programmes for street children as well as to analyse legislation according to a SWOT analysis. This analysis will contribute towards gaining a holistic perspective on service-rendering to street children in South Africa as well as to making recommendations regarding the improvement of services to street children. To delineate the total situation of street children it is not only necessary to give attention to the needs and challenges of street children, but also to focus on service delivery to street children in South Africa.

A literature study was utilised as research methodology for this study with the focus on systematic review. A focused research question, aim and applicable keywords were used in order to do a systematic search of all possible applicable sources. This was done in a transparent and all-inclusive manner to gain reliability and validity. Reliability was ascertained by way of making sure that the terms used have the same meaning in various contexts and will mean the same when repeated. Validity was obtained by comparing various sources on the same topic, analysing them and gaining rich data. Initially all possible sources were scrutinised, but later refinement of data took place in order to achieve the richest data on legislation and service delivery to street children.

Legislation regarding street children in South Africa has changed, and in particular the Children's Act number 38 of 2005, which for the first time makes provision for street children and their psycho-social needs. Current legislation and policy documents available in South Africa, as well as some international policy documents, are discussed in this article. There are several programmes and projects that render services to street children in South Africa. These services form part of the developmental paradigm of social work. This approach to social welfare contributed largely to the implementation of the Integrated Service Delivery Model of the Department of Social Development.

The Constitution of South Africa (1996), The Children's Act (38 of 2005), The White Paper on Social Welfare (1997), The National Policy Framework and Strategic Plan for Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation, (2010), Strategy Guidelines for Children Living and Working on the Streets, South Africa (2010) and the United Nations Convention on the Rights of the Child (1989) were discussed as examples of existing legislation. The levels of service delivery to street children were discussed on the following four levels, namely preventative services and programmes; early intervention services and programmes; alternative care and statutory services; and reconstruction and after-care services and programmes.

Certain programmes and projects existing in the field of services-rendering to street children were also discussed, such as Kids Haven, Umthombo Street Children, Sinthemba, Twilight Children, Khulisa's Way Home Street Children, Salesian Institute Youth Projects, StreetSmart, James House, and ProSeed.

The critical analysis of legislation, policy frameworks, programmes and services to street children were done by way of a SWOT analysis, which is a general procedure to systematically analyse external and internal factors in any practice situation. The acronym SWOT relates to Strengths, Weaknesses, Opportunities and Threats. Current legislation and policy frameworks were critically analysed. As strengths, current legislation and policy frameworks and the rights of children can be described, while the implementation of the legislation and policy frameworks can be seen as weaknesses. Greater responsibility and involvement of the community can be seen as opportunities, while ignorance of the community, the denial of children's rights and non-adherence to the principle of the best interest of children can be seen as threats.

Regarding existing programmes and services for street children the following can be seen as an evaluation of the various aspects of the SWOT analysis. As strengths it can be seen that some programmes are available for street children, that various organisations render services to street children, that there is currently a greater focus on prevention and that child and youth care centres must be registered. The following can be delineated as weaknesses, namely the ever increasing number of street children, insufficient funding, weak monitoring and evaluation strategies and manipulation by street children. More community involvement and awareness campaigns can be seen as opportunities, while weak cooperation between the various role players, financial constraints and lack of properly trained personnel can be seen as threats.

From the article it becomes clear that legislation and policy frameworks regarding service delivery to street children in South Africa have improved over the years and that government has taken major steps to provide for the needs of street children by way of legislation and

policy documents. However, many threats still exist regarding financial support to organisations working on behalf of street children, adequate trained personnel, ignorance of the community regarding street children, disregard for the rights of children, and often the neglect of the principle of the best interest of the child. Cooperation between all the organisations involved in working with street children is not always coordinated and streamlined, which hinders the endeavours towards the best interest of street children.

**Keywords:** legislation; policy documents; programmes for service delivery; service rendering / service delivery; street children; SWOT analysis

## 1. Inleiding en navorsingsprobleem

Straatkinders kom oral in die wêreld voor en is 'n steeds groeiende maatskaplike probleem in Suid-Afrika (Benghait 2002:34; Lefeh 2008:10; Ward 2007:225). Daar word in hierdie artikel veral gelet op die bestaande wetgewing en beleidsdokumente rakende straatkinders. Verder word daar ondersoek ingestel na watter moontlike programme en dienste beskikbaar is vir straatkinders. Daar word in hierdie artikel gepoog om bestaande programme vir straatkinders in Suid-Afrika en wetgewing aan die hand van 'n SWOT-ontleding te ontleed.

Volgens skatting was daar alreeds in 2004 meer as 100 miljoen straatkinders in die wêreld (Kit 2004:1; Louw 2008:3), van wie die meeste in Latyns-Amerika, Asië en Afrika aangetref word (Kit 2004:1). Volgens Ward (2007:225) was daar in 2000 reeds meer as 10 000 straatkinders in Suid-Afrika. Daarteenoor het Benghait (2002:34) in 2001 geskat dat daar meer as 50 000 straatkinders in Suid-Afrika leef. Ongeveer 3 500 straatkinders slaap in skuilings in Noordwes (Thakaneng 2014:5). Hierdie getalle is egter steeds nie akkuraat nie, aangesien dit moeilik is om te bepaal presies hoeveel kinders op straat leef en werk (Thakaneng 2014:5). Idemudia, Kgokong en Kolobe (2013:164) bevestig dat daar baie min literatuur beskikbaar is oor die psigososiale behoeftes en funksionering van straatkinders in Suid-Afrika.

Ten einde die straatkinderskynsel beter te kontekstualiseer, is dit nodig om die begrip *straatkind* te definieer en te bespreek. Straatkinders is kinders wat op straat leef en werk; kinders wat by die huis slaap, maar die meeste van hulle tyd op straat deurbring; asook kinders wat in nagskuilings slaap (Hanbury 2002:3). Ashoka (2004:1), Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika 2005), Cox en Pawar (2006:326), Ennew (2003), Idemudia e.a. (2013:163), Le Roux (1996:3), Lewis (2004), Mako (2000), Motale en Smith (2003) en Wargan en Dreshem (2009) sê dat straatkinders beskryf kan word as kinders wat op straat leef of werk, met min of geen gesinsbande nie, en wat as gevolg van gesinsgeweld, gesinsverbrokkeling, mishandeling, verwaarlosing of armoede of om enige ander rede op straat beland het en spesifieke oorlewingstrategieë ontwikkel het. Wêreldwyd is daar 'n groter tendens van seuns as dogters wat op straat leef en werk (Mufune 2000:233; Volpi 2003:1–30). Makrokwessies soos verstedeliking en oorbevolking kan ook bydra tot die toename in straatkindgetalle (UNICEF 2002:40–1). Ander faktore wat kinders na die straat lok, is onder meer groepsdruk, 'n soeke na vryheid, 'n behoefte aan lewensmiddele, dwelmmiddels, 'n soeke na 'n beter lewe en werkseleenthede (Shaffer en Kipp 2014:568–9; Skhosana 2013:39; Ward en Seager 2010:85–100).

Volgens Ray, Davey en Nolan (2011:11) is die oorsake van die verskynsel kompleks en konteksspesifiek en hou dit verband met oorlewing en persoonlike redes. Straatkinders ervaar heelwat psigososiale uitdagings op straat, soos blootstelling aan misdaad, dwelmmisbruik, prostitusie en mishandeling, asook swak persoonlike verhoudings (Barette 1995:11; Shaw 2001:1). Verder ervaar straatkinders 'n gebrek aan basiese middele wat noodsaaklik is vir 'n gesonde leefstyl (Peacock en Rosenblatt 2013:8). Kinders is dikwels nie in staat om die ongeregtighede wat teenoor hulle gepleeg word, te beheer nie en daarom is hulle afhanklik van ander om namens hulle die regte stappe te doen.

Wetgewing rakende straatkinders in Suid-Afrika het verander, en spesifiek ook die Kinderwet 38 van 2005, wat vir die eerste keer voorsiening maak vir straatkinders en hulle psigososiale behoeftes. Die eerste skrywer van hierdie artikel dien sedert 2011 in die bestuursraad van die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum, wat dienste aan straatkinders lewer. Die taak van die maatskaplike werker is in hierdie opsig baie belangrik, veral om programme van stapel te stuur om te voorkom dat kinders in nood hulle tot die strate wend, maar ook om bemagtigende en terapeutiese programme daar te stel om straatkinders in kinder- en jeugsorgsentrums (KJS) se psigososiale funksionering te bevorder. *Psigososiale funksionering* verwys na die gedragpatrone van die individu in die verskillende rolle en sisteme waarvan die individu deel vorm in sy/haar bepaalde lewensfase, en sluit ook aspekte in soos selfidentiteit, selfpersepsie, toekomsvisie, persoonlike verhoudings, besluitneming en traumadinamika (Faul en Van Zyl 2004:569).

In Suid-Afrika is daar programme en projekte wat dienste aan straatkinders lewer. Die dienste wat deur hierdie programme en projekte gelewer word, vorm deel van die ontwikkelingsparadigma vir maatskaplike welsyn. Hierdie benadering tot maatskaplike welsyn het grootliks bygedra tot die implementering van die Geïntegreerde Diensleweringmodel van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Suid-Afrika 2006) en is spesifiek gefokus op gemeenskapsontwikkeling (Patel 2005:161). Welsynorganisasies is toenemend betrokke by gemeenskapsontwikkeling en volgens Weyers en Herbst (2013:10) omsluit gemeenskapsontwikkeling “'n navorsingsgebaseerde, doelbewuste poging om 'n gemeenskap op 'n breë front op 'n volhoubare wyse te laat ontwikkel”. Dienslewering aan straatkinders behoort ook aan die ontwikkelingsparadigma te voldoen.

Ten einde die straatkindverskynsel in Suid-Afrika te omlin, is dit nodig om nie net aandag te skenk aan die behoeftes en uitdagings van straatkinders in Suid-Afrika nie, maar om ook te kyk hoe dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika geskied.

Navorsing is reeds gedoen rakende die straatkindverskynsel, maar min navorsing is gedoen oor die ingrypings wat vir straatkinders beskikbaar is. Daar is 'n wye verskeidenheid programme en dienste beskikbaar in Suid-Afrika om die behoeftes en regte van straatkinders te hanteer. Hierdie programme en dienste sluit voorkomingsprogramme, uitreikprogramme, gesinsherenigingsdienste en instapsentrums in (Motale 2010; Ward en Seager 2010:85–100).

Die voorgaande bespreking lei tot die volgende navorsingsvraag:

Wat is die aard van dienslewering aan straatkinders in Suid Afrika in terme van wetgewing en bestaande programme en dienste?

## **2. Teoretiese raamwerk**

Die teoretiese benadering waarop hierdie studie berus, is die sterkteperspektief en die bemagtigingsbenadering (Saleebey 2013:110; Zastrow 2010: 409). Die sterkteperspektief en bemagtiging loop hand aan hand in maatskaplike werk. Wetgewing en programme en dienste wat vir straatkinders beskikbaar is, moet so aangewend word dat die teikengroep se sterktes ontwikkel kan word en bemagtiging sodoende kan plaasvind (Zastrow en Kirst-Ashman 2016:14).

## **3. Navorsingsmetodologie**

Literatuurstudie is as navorsingsmetodologie vir hierdie studie benut en spesifiek 'n stelselmatige literaturoorsig soos deur Bryman (2008:85), McLaughlin (2012:118) en Thyer (2010:323) beskryf. Stelselmatige soektogte behoort van 'n gefokuste navorsingsvraag en toepaslike sleuteltermes voorsien te wees wat 'n deeglike opweging van alle moontlike bronne tot gevolg sal hê en wel in 'n deursigtige, omvattende en herhaalbare proses (Bryman 2008:700; Engel en Schutt 2013:32). Daar moet aanvaar word dat nie alle moontlike bronne benut kan word nie as gevolg van byvoorbeeld die feit dat sommige studies steeds voortgaan en geen publikasie daarvoor nog gedoen is nie of dat sommige bronne bloot nie opspoorbaar is nie – dit impliseer egter dat navorsers alle redelike stappe onderneem het om alle bronne wel op te spoor, selfs die sogenaamde grysliteratuur (Thyer 2010:323–7). Dit kom daarop neer dat 'n sistematiese soektog van alle toepaslike bronne, soos handboeke, geakkrediteerde vaktydskrifte, die internet, publikasies van nieregeringsorganisasies en staatsdokumente, in hierdie geval byvoorbeeld wetgewing en beleidsdokumente rakende straatkinders, gedoen moet word (Grinnell en Unrau 2014:168 en Monette e.a. 2011:85). Daar is deurgaans gepoog om die geldigheid en betroubaarheid van ingesamelde inligting te verifieer (Grinnell en Unrau 2014:238–46).

Geldigheid is bereik deur bronne wat dieselfde sake aanraak, met mekaar te vergelyk en sodoende ryker data na vore te laat kom, asook deur die standpunte van verskillende skrywers te vergelyk sodat daar eenstemmigheid oor die gebruik van bepaalde sleuteltermes gehandhaaf word. Betroubaarheid het weer behels dat daar akkuraatheid met die betekenis van begrippe is sodat begrippe by herhaling dieselfde betekenis sal hê. Daar is aanvanklik wyd gelees om alle moontlike bronne by die studie in te sluit, maar mettertyd het verfyning plaasgevind ten einde alle moontlike geskifte rakende wetgewing oor en dienslewering aan straatkinders te bestudeer. Slegs bronne wat gefokus het op programme en dienste wat aan straatkinders in Suid Afrika gelewer word, asook Suid-Afrikaanse wetgewing rakende straatkinders, is ingesluit.

## **4. Wetgewing en beleidsraamwerke rakende straatkinders**

Vervolgens word wetgewing en beleidsraamwerke wat op straatkinders van toepassing is, deurskou. Die wetgewing en maatreëls wat vervolgens bespreek word, is op Suid-Afrika van toepassing. Ook die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind, 1989

(Verenigde Nasies 1989), wat internasionaal van toepassing is, word volledigheidshalwe bespreek.

#### **4.1 Die Grondwet van Suid-Afrika (1996)**

In die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Suid-Afrika 1996a) word die kind se beste belang as deurslaggewend beskou in elke aangeleentheid wat die kind raak. Die Grondwet beskryf 'n "kind" as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Artikel 28 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vermeld dat elke kind die reg het op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte, op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word. Verder moet daar voorsiening gemaak word vir basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste aan kinders. Kinders het ook die reg om teen mishandeling, verwaarloosing, misbruik of vernedering beskerm te word, om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word, en om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer wat onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom of wat 'n risiko inhou vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling nie.

Kinders het ook die reg om nie aangehou te word nie, behalwe as 'n laaste uitweg, en benewens die regte wat 'n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, mag die kind in so 'n geval slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou word. Die kind het die reg om afsonderlik van aangehoudenenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word en om op 'n wyse behandel te word en in omstandighede aangehou te word wat met die kind se ouderdom rekening hou. In die geval van siviele verrigtinge wat die kind raak, moet die staat die kind op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei.

#### **4.2 Kinderwet 38 van 2005**

Volgens die Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika 2005) word straatkinders beskou as kinders wat sorg en beskerming nodig. Hierdie wet maak voorsiening vir die beskerming van kinders en skryf ook prosedures voor wanneer daar vermoed word dat 'n kind 'n behoefte aan versorging en beskerming het. Dit is die eerste keer dat wetgewing eksplisiet vir straatkinders se behoeftes en uitdagings probeer voorsiening maak deur hulle te beskerm en dienslewering aan hulle te reguleer. Skuilings vir straatkinders moet ingevolge hierdie wetgewing as KJS geregistreer en gereguleer word. Straatkinders sal dus ook die hoogste standaard van beskermingsdienste moet ontvang, aldus die Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika 2005) en die Kinderwysigingswet 41 van 2007 (Suid-Afrika 2007). Hierdie wetgewing maak dit ook duidelik in artikel 191(2) dat KJS terapeutiese programme moet ontwikkel vir residensiële sorg van kinders buite die gesinskonteks. Skuilings vir straatkinders moet ook voldoen aan die regulasies, nasionale norme en standaarde soos uiteengesit in die wet. Skuilings vir straatkinders word kragtens die wet nou deur dieselfde norme en standaarde gereguleer as dié vir ander KJS. Nasionale norme en standaarde is opgestel om te verseker dat alle kinders in hierdie sentra dieselfde versorging en beskerming geniet.

In Suid-Afrika word dienste aan straatkinders ook deur nieregeringsorganisasies (NRO's) gelewer. Voorbeelde van NRO's wat dienste aan straatkinders lewer, is plekke van veiligheid soos waarna hier bo verwys word, nywerheidskole en kinderhuise. Al die bogenoemde organisasies moet egter vanaf die inwerkingtreding van die Kinderwet 38 van 2005 registreer as KJS. Hierdie organisasies bestuur ook gewoonlik projekte vir straatkinders, maar hulle

sukkel om finansiëel te oorleef. Alhoewel die Departement Maatskaplike Ontwikkeling hierdie organisasies se dienste subsidieer, vind hulle dit dikwels steeds moeilik om finansiëel te oorleef. Die organisasies moet steun op borge en ander maniere van fondsinsameling ten einde dienslewering aan straatkinders voort te sit. Sommige van hierdie programme wat aangebied word, is uitsluitlik vir straatkinders, terwyl ander organisasies straatkinders binne sekere parameters probeer akkommodeer (Barette 1995:11–5). Hierdie wet poog dus om alle kinders, insluitende straatkinders, teen mishandeling, wanvoeding, kinderarbeid, kinderhandel en seksuele uitbuiting te beskerm en om te verseker dat daar te alle tye in die kind se beste belang opgetree word.

Die Kinderwet 38 van 2005 onderskei tussen die volgende vyf tipes straatkinders in Suid-Afrika:

- Deeltydswerkende kinders. Dit is skoolgaande kinders wat in die middag, tydens vakansies of oor naweke op straat bedel of vir sakgeld werk om hulle gesinne finansiëel te ondersteun. Hierdie kinders bly by hul gesinne en slaap gewoonlik by die huis.
- Voltydswerkende kinders. Hierdie kinders is kinders wat die skool verlaat het en voltyd op straat werk. Die kinders het ongereguleerde kontak met hul gesinne.
- Wegloopkinders. Dit is kinders wat besluit het om die huis en die skool te verlaat weens armoede, rebelsheid of gesinsprobleme, en wat 'n lewe op straat begin het. Hierdie kinders eet en slaap op straat en hul ouers of gesinne weet merendeels nie waar hulle is nie. Hulle sal gewoonlik by 'n groep aansluit vir beskerming of oorlewing.
- Verlate en verwaarlooste kinders. Dit is kinders wat gewoonlik buite die huwelik gebore is en onbeheerbaar geword het. Hierdie groep sluit ook kinders in wie se grootouers hulle grootgemaak het maar toe gesterf het, asook kinders wie se ouers dwelm- of alkoholverslaafdes is. Hierdie kinders is gewoonlik verantwoordelik vir hulle eie oorlewing op straat en sluit baie keer by 'n groep wegloukinders aan vir beskerming, maar is dan heeltemal onderdanig aan die groep waartoe hulle behoort.
- Jeugoortreders. Hierdie kinders pas maklik aan op straat en beïnvloed of oortuig ander straatkinders (gewoonlik jonger kinders) om betrokke te raak by misdade soos winkeldiefstal, inbrake by motors en selfs huisbraak. Dit kom nie altyd voor asof hulle op straat lewe nie en baie van hulle het steeds kontak met hul gesinne of families.

#### ***4.3 Die Wet op Maatskaplike Bystand (no. 59 van 1992)***

Hierdie wetgewing (Suid-Afrika 1992) maak toegang tot maatskaplike bystand moontlik, soos deur die South African Social Security Agency (Sassa) voorsien word. Die wetgewing is van toepassing op straatkinders in die sin dat dit 'n voorkomende rol speel deur finansiële bystand aan gesinne te lewer om te voorkom dat kinders byvoorbeeld nodig het om kos op straat te soek. Die werklikheid is egter dat straatkindgetalle in Suid-Afrika steeds toeneem, ondanks hierdie voorkomende maatreël (Idemudia e.a. 2013:163; Ward 2007:35).

#### ***4.4 Suid-Afrikaanse Skolewet (no. 84 van 1996)***

Hierdie wetgewing maak dit verpligtend vir alle kinders tussen die ouderdomme van 7 en 15 jaar om skool by te woon. Dit vereis verder dat vrystelling van skoolfonds toegestaan moet



word onder sekere omstandighede waar die ouers nie kan bekostig om die skoolfonds te betaal nie. Alles moontlik moet dus gedoen word om straatkinders in bogenoemde ouderdomsgroepe te verplig en te ondersteun om skool by te woon (Suid-Afrika 1996b).

#### ***4.5 Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997***

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn van 1997 (Suid-Afrika 1997) fokus hoofsaaklik daarop dat daar voorkomend opgetree moet word sodat kwesbare kinders nie op straat sal beland nie. Straatkinders moet met hul gesinne herenig word en lewensvaardigheidsprogramme moet vir straatkinders aangebied word. Volgens hierdie beleidsdokument moet opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers aangestel word by organisasies vir vroeë identifisering en verwysing van kwesbare kinders. Navorsing moet gedoen word om die effektiwiteit van bestaande programme te evalueer en om verdere programontwikkeling te bevorder.

#### ***4.6 National Policy Framework and Strategic Plan for Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation, 2010***

Die twee hoofdoelwitte van hierdie dokumente is om kindermishandeling en kinderverwaarlosing en -uitbuiting in Suid-Afrika te voorkom (Suid-Afrika 2010a). Straatkinders was dikwels die slagoffers van mishandeling en verwaarlosing voordat hulle op straat beland het, en word op straat steeds hieraan blootgestel.

#### ***4.7 Strategy guidelines for children living and working on the streets, Suid-Afrika, 2010***

Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van strategieë om straatkinders te beskerm en te versorg (Suid-Afrika 2010b). Volgens die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Suid-Afrika 2010) beoog die beleidsraamwerk vir straatkinders om verskillende rolspelers op nasionale sowel as provinsiale en plaaslike vlak te voorsien, met 'n riglyn om hul eie programme te ontwikkel vir die hantering van straatkinders. Hierdie dienste is egter gefragmenteerd en word swak gemonitor. Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling het nie 'n bygewerkte databasis van organisasies wat dienste aan straatkinders lewer nie.

#### ***4.8 Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind, 1989***

Hierdie beleidsdokument (Verenigde Nasies 1989) beklemtoon byvoorbeeld die reg van die kind op menswaardigheid, vryheid van diskriminasie, oorlewing, ontwikkeling, beskerming teen mishandeling en uitbuiting. Die hooftokus is dus daarop om te alle tye in die beste belang van die kind op te tree. Ten spyte hiervan word straatkinders egter steeds aan mishandeling en diskriminasie blootgestel (Ashoka 2004:1; Idemudia e.a., 2013:163; Le Roux 1996:3).

Die bogenoemde beleidsdokumente en wette is omvattend geformuleer. Die werklikheid is egter dat dit om verskeie redes nie moontlik is om in die praktyk aan hierdie beleidsdokumente en wetgewing uitvoering te gee nie. Van die moontlike redes is 'n tekort aan mannekrag om die maatreëls deur te voer, die feit dat die wetgewing en beleidsraamwerke nie geredelik beskikbaar is nie en dat die inhoud daarvan nie altyd aan die publiek bekend is nie.

## 5. Vlakke van dienslewering aan straatkinders

Die straatkindverskynsel is 'n omvangryke maatskaplike probleem in Suid-Afrika (Lefeh 2008:10; Skhosana 2013:34; Ward 2007:35). Louw en Reyneke (2011:217) meld dat daar heelwat dienste en programme in Suid-Afrika beskikbaar is vir straatkinders, maar dat daar steeds 'n toename is in straatkindgetalle. Sommige navorsers meen dat straatkinders sommige programme en dienste manipuleer vir voedsel en tydelike skuiling en dan net weer op straat beland en dat dit selfs tot 'n gemakliker straatlewe kan bydra (Smith en Liebenberg 2000:26). Tydens 'n uitgebreide literatuurstudie oor die straatkindverskynsel in Suid-Afrika is bevind dat die verskynsel self en die uitdagings daaraan verbonde baie goed beskryf word, maar daar is ook bevind dat daar tot op hede baie min navorsing gedoen is oor ingrypings en dienste wat aan straatkinders gelewer word. Skhosana (2013:182) brei verder uit oor die behoefte aan navorsing om bestaande kennisgapings te vul rakende die uitwerking van programme vir en dienslewering aan straatkinders.

NRO's in Suid Afrika poog om 'n verskeidenheid programme beskikbaar te stel om die behoeftes en regte van straatkinders te hanteer (Motale 2010; Ward en Seager 2010). Hierdie programme sluit in voorkomings-, bemiddelings- en instellingsprogramme, wat onder meer inwoonsorg en rehabiliteringsprogramme behels. Verder is daar ook straatgebaseerde programme soos uitreikprogramme wat die voorsiening van voedsel vir straatkinders, mediese sorg, instapsentrums, gesinsherenigingsdienste asook skuilings vir straatkinders insluit (Motale 2010; Ward en Seager 2010:85–100). Programme wat op dienslewering aan straatkinders fokus, vind gewoonlik op die volgende vier vlakke plaas (Bosman-Sadie en Corrie 2010:162–3; Suid-Afrika 2006:20).

### Vlak 1: Voorkomingsdienste en -programme

Voorkoming is hier die belangrikste doelwit. Hierdie programme sluit strategieë in wat die vermoë en selfstandigheid van gesinne en gemeenskappe om kinders op te bou en te versterk, beklemtoon.

### Vlak 2: Vroeë-ingrypingsdienste en -programme

Vroeë ingryping is 'n vlak van ingryping wat intensiewe ondersteuning, kapasiteitsbou, maatskaplikewerkhulp, huisgebaseerde ontwikkelingsondersteuning en terapeutiese programme insluit. Ward en Seager (2010) is van mening dat die aantal kinders op straat verminder kan word slegs deur voorkomende inisiatiewe wat fokus op die vermindering van die aantal gesinne wat in armoede leef. Gesinne en uitgebreide familiestrukture moet ondersteun word sodat hulle in staat sal wees om kinders in 'n veilige, liefdevolle omgewing groot te maak.

### Vlak 3: Alternatiewe sorg, inwoonsorg en statutêre dienste

Die doel hiervan is om die mees geskikte plasingskeuse vir die kind te verkry nadat hy/sy van die versorgers weggeneem is.

#### **Vlak 4: Rekonstruksie- en nasorgdienste**

Dienste op hierdie vlak is gemik op herintegrasie en ondersteuningsdienste om selfstandigheid en optimale maatskaplike funksionering te verbeter (Bosman-Sadie en Corrie 2010:163). Die hoofokus van rekonstruksie- en nasorgdienste is die herintegrasie met die gesin, uitgebreide familie en gemeenskap.

Heelwat organisasies in Suid-Afrika stuur programme op genoemde vier vlakke van stapel ten einde die behoeftes van straatkinders te hanteer. Vervolgens word 'n bespreking aangebied van enkele voorbeelde van sodanige organisasies en hul programme.

### **6. Programme vir straatkinders in Suid-Afrika**

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling beskik nie oor 'n bygewerkte databasis van organisasies wat dienste aan straatkinders lewer nie. Die volgende programme kon geïdentifiseer word, en word vervolgens kortliks bespreek.

#### **6.1 Kids Haven**

Die Kids Haven-program lewer dienste aan straatkinders in die Ekurhuleni-streek van Suid-Afrika. Hierdie projek vir straatkinders fokus onder andere op uitreikprogramme en instapperiewe. Kinders word op straat ontmoet en aangemoedig om by Kids Haven aan te sluit. Die hoofokus van hierdie organisasie is om kinders van die straat af te kry en vir hulle versorging te bied. By hierdie instapsentrum kan straatkinders gratis middagetes geniet en skoon klere kry. Die uitreikprogramme behels ook tuisbesoeke om die kind se persoonlike omstandighede tuis te assesser en te probeer om die kind met sy gesin te herenig (Kids Haven 2015).

#### **6.2 Umthombo Street Children**

Dit is 'n NRO wat dienste lewer aan straatkinders in Durban. Umthombo se programme sluit die volgende in:

- Uitreikprogramme

Hierdie programme sluit oorwegend intensiewe ontspanningsprogramme in. Die doel van hierdie programme is om sport en ander aktiwiteite as alternatief vir substansmisbruik vir straatkinders aan te bied. Daar is ook gereelde uitreikkampe waar hierdie ontspanningsaktiwiteite en ander psigososiale ingrypings plaasvind (Umthombo 2014).

- Herintegrasie en nasorg

Hierdie program sluit onder andere die volgende in:

- Gesinsbemiddeling met die gesin van die straatkind ten einde die omstandighede tuis te verbeter.

- Programme om kinders terug skool toe te bring, wat ondersteuning aan die gesin behels om die kind by 'n skool te laat inskakel en van skryfbehoeftes te voorsien. Die gesin word ook gehelp om aansoek te doen vir kwytstelling van skoolfonds, indien nodig.
- Materiële ondersteuning in die vorm van kospakkies wat aan kinders se gesinne voorsien word.
- Statutêre werk, wat verwysing na die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement Binnelandse Sake insluit om verdere ondersteuning aan die gesinne van straatkinders te verleen.
- Lewensvaardigheidsprogramme vir straatkinders om hulle te bemagtig met byvoorbeeld entrepreneurskapsvaardighede en om werk te bekom.
- Psigososiale programme

Hier kan die volgende beklemtoon word:

- Gevallewerkdienste waar daar op 'n een-tot-een-basis met die kinders gewerk word ten einde 'n versorgingsplan vir hulle saam te stel en hulle vordering te volg.
- Groepwerkdienste, waar straatkinders binne groepsverband ondersteun en bemagtig word om hulle daaglikse ervaringe te verwerk.
- Opvoeding, wat basiese geletterdheidsprogramme en bewusmakingsveldtogte oor aspekte soos finansiële bestuur en substansmisbruik insluit.
- Gesondheid.

In hierdie verband kan die volgende vermeld word:

- Basiese gesondheidsassessering, wat behels dat rekord gehou word van die kinders se gesondheidsbehoeftes en hulle fisieke toestand. Mediese dienste en noodhulp word verleen aan kinders binne die sentrum asook kinders op straat.
- Verwysings na toepaslike mediese geriewe indien nodig.
- 'n Voedingskema waar drie maaltye per dag aan straatkinders wat by die instapsentrum aanmeld, verskaf word.
- Umthombo se Hewitt-program: Surfers Not Street Children

Die program Surfers Not Street Children is nog 'n projek van die Umthombo-program. Hierdie program word onderhou deur kinders wat voorheen op straat gebly het en wat nou weer straatkinders inspireer om betrokke te raak in die program. Daar is tans inisiatiewe om hierdie program uit te brei na ander dele van Afrika, omdat dit al soveel kinders in Durban kon help. Die program se uitkomstes sluit onder meer in dat straatkinders as lewensredders, branderplankinstruktors of werknemers in die toerismebedryf aangestel kan word (Hewitt 2015:3).

### **6.3 Sinethemba**

Hierdie organisasie lewer dienste aan kinders wat op straat bedel of wat die skool verlaat het en om een of ander rede in die strate rondwaal in die Knysna-omgewing. Sinethemba se programme sluit onder andere lewensvaardigheidsprogramme in wat fokus op gesondheid en persoonlike higiëne, die aanleer van kook- en bakvaardighede en die aanlê en instandhouding van groentetuine. Daar is ook persoonlike-ontwikkelingsprogramme wat fokus op substansmisbruik, sportontwikkeling, voedingskemas en opvoedkundige programme (Sinethemba 2011).

### **6.4 Twilight Children**

Twilight Children is 'n geregistreerde NRO wat dienste lewer aan onder andere straatkinders en ander kwesbare kinders wat moontlik op straat kan beland. Die organisasie vorm deel van CharitySA se projekte wat landswyd van stapel gestuur word. Een van hulle projekte is die Twilight-projek, wat fokus op uitreikprogramme en lewensvaardigheidsprogramme vir straatkinders. Daar is maatskaplike werkers wat berading gee aan straatkinders en wat die straatkinders bekendstel aan skuilings as 'n beter uitweg as die straat. Hulle help ook om kinders met hulle gesinne te herenig (CharitySA 2015a).

### **6.5 Khulisa se Way Home Street Children-program**

Hierdie program word landswyd by verskeie Khulisa-takke aangebied. Die Way Home-program is ontwerp om personeellede by skuilings vir straatkinders met die nodige vaardighede toe te rus om straatkinders te hanteer. Die personeelopleidingsprogramme sluit die volgende in:

- Hoe om met die kinders te kommunikeer en straatkinders tot selfontdekking te begelei.
- Dissipline en konflikhantering, waar personeel opgelei word om kinders te ondersteun wat aggressiewe gedrag openbaar en om vir hulle konflikhanteringsvaardighede te leer.
- MIV/Vigs-voorkomingsprogramme, waar gefokus word op kennis en insig rondom hierdie siekte.

Die uitkomst van hierdie program sluit onder andere die bevordering van beter kommunikasie en verhoudings tussen straatkinders en personeel van skuilings in, en maniere om programme op 'n interaktiewe wyse aan te bied (Khulisa 2015).

### **6.6 Salesian Institute Youth Projects**

Hierdie organisasie fokus ook hul dienslewering op straatkinders en kwesbare jeugdige en die programme wissel van basiese opvoedkundige programme tot meer gevorderde vaardighedsontwikkelingsprogramme (Salesian Institute Youth Projects 2015).

### **6.7 StreetSmart-projek**

Hierdie projek behels dat kliënte van sekere restaurante geld kan skenk wat dan oorhandig word aan organisasies wat dienste aan straatkinders lewer (StreetSmart South Africa 2015).

### **6.8 James House**

Hierdie geregistreerde KJS lewer dienste aan onder andere straatkinders en kinders wat risikogedrag openbaar, en fokus op programme wat misdaad en dwelmmisbruik hanteer (James House 2015).

### **6.9 ProSeed-projek**

Die ProSeed-projek is deel van die organisasie Mamelani se projekte in Kaapstad. ProSeed is 'n jeugontwikkelingsprogram wat fokus op ondersteuning aan straatkinders om 'n positiewe identiteit te ontwikkel, lewensvaardighede aan te leer en werk te bekom en in stand te hou (Mamelani 2015).

### **6.10 Voiceless Call**

Voiceless Call is 'n NRO wat fokus op jeugopvoeding, verwaarlooste kinders, weeskinders en straatkinders. Die organisasie is in Johannesburg gesetel en hul hoofdoel is om hierdie kinders te bemagtig om leiers vir die toekoms te word. Hulle programme sluit ook bewusmakingsveldtogte rakende dwelmmiddels, seksuele gedrag, MIV/Vigs en misdaad in. Die organisasie het 'n skooling waar opvoedkundige programme vir straatkinders aangebied word (CharitySA 2015b).

### **6.11 Homestead**

Die Homestead-program vir straatkinders word as 'n NRO bedryf en dienslewering aan straatkinders sluit voorkomingsprogramme, vroeë-ingrypingsprogramme, straatuitreikdienste, skoolings, opvoedkundige programme en gesinsherenigingsdienste in. Daar is ook 'n instapsentrum vir straatkinders in Khayelitsha, Manenberg en Woodstock (Homestead 2015).

Ons is van mening dat die bogenoemde organisasies daadwerklik daarop gemik is om effektiewe dienste aan straatkinders te lewer.

Vervolgens word daar 'n ontleding gebied oor wetgewing en beleid rakende straatkinders, asook bestaande programme en dienste vir straatkinders.

## **7. Kritiese ontleding van wetgewing, beleid, programme en dienste aan straatkinders**

Die bespreking word aan die hand van 'n SWOT-ontleding gedoen. SWOT is 'n ontledingsbenadering wat algemeen gebruik word as 'n metode om eksterne of interne omgewings/praktyke/dienste te ontleed en 'n sistematiese benadering te volg ten einde 'n evaluering te kan maak. *SWOT* staan vir *Strengths*, *Weaknesses*, *Opportunities*, *Threats*, of dan in Afrikaans *Sterktes*, *Tekortkominge*, *Swakhede*, *Geleenthede*, *Bedreigings*. SWOT-ontleding spruit voort uit navorsing wat van 1960 tot 1970 by die Stanford Research Institute gedoen is om vas te stel hoekom korporatiewe beplanning misluk het (Chapman 2015:8; Görener, Toker en Ulucay 2012:1526).

Die SWOT-ontleding betrek nie net sistematiese denke nie, maar ook omvattende diagnose van sekere faktore wat verwant is aan 'n nuwe idee, tegnologie of beplanning (Görener e.a. 2012:1526).

SWOT-ontleding verskaf 'n goeie raamwerk om 'n strategie, posisie, die rigting van 'n besigheid en/of enige ander idee te hersien. Die resultate van 'n SWOT-ontleding word soms geïnterpreteer en word dan gebruik as 'n SWOT-ontleding-2x2-matriks, veral in projekbeplanningprosesse. In die geval van 'n 2x2-matriks word die sterktes en swakhede as interne faktore gesien, waar die geleenthede en bedreigings as eksterne faktore gesien word. Die SWOT-ontleding is 'n baie buigbare maatstaf en is nie tot net besighede en bemerking beperk nie (Chapman 2015, parr. 1–3).

Die volgende figuur bevat 'n opsomming van hoe die SWOT-ontleding toegepas is om huidige wetgewing en beleide vir straatkinders in Suid-Afrika te ontleed en te bespreek.



**Figuur 1. Wetgewing en beleide**

#### - Sterktes

Die feit dat Suid-Afrikaanse wetgewing vir die eerste keer voorsiening maak vir die beskerming van straatkinders, kan as 'n groot sterkte gesien word. Die Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika 2005) beskryf straatkinders as kinders wat sorg en beskerming benodig. As gevolg hiervan kan straatkinders ook nou die hoogste standaard van beskermingsdienste ontvang. Dit is positief dat die regte van straatkinders ook in ag geneem word, aangesien straatkinders selfs kwesbaarder as ander kinders is weens die aard van hul omstandighede.

### **- Tekortkominge**

Die grootste enkele tekortkoming is dat sommige van die wetlike bepalings op papier goed vertoon, maar in die praktyk baie moeilik is om toe te pas. Dit is byvoorbeeld positief en selfs dwingend noodsaaklik dat elke kind volgens wetgewing die reg op basiese voeding, skooling en gesondheidsdienste behoort te hê, maar hierdie dienste is nie deurgaans beskikbaar nie. Maatskaplike probleme soos armoede en werkloosheid is egter aan die orde van die dag in Suid-Afrika en daar kan nie te alle tye in kinders se behoeftes en regte voorsien word nie. Die gemeenskap behoort medeverantwoordelikheid vir hierdie soort dienste te aanvaar. Die vraag oor die neem van verantwoordelikheid kan nie in isolasie van regte gesien word nie en word spesifiek in die Kinderwet 38 van 2005 (soos gewysig deur die Kinderwysigingswet 41 van 2007) (Suid-Afrika 2007) uiteengesit.

### **- Geleenthede**

Daar bestaan 'n geleentheid vir die gemeenskap om groter verantwoordelikheid rakende die straatkinders te aanvaar. Gemeenskappe moet aktief betrokke raak en bewus wees van die behoeftes en regte van straatkinders en moet ook die verantwoordelikheid vir die uitvoering daarvan aanvaar. Indien beleidsmaatreëls en wetgewing op 'n volwasse en gebalanseerde manier beskou word, is dit belangrik om te besef dat regte altyd deur verpligtinge vergesel word. Alhoewel die beredenering reg is, moet daar in alle regverdigheid aanvaar word dat 'n dokument soos die land se Grondwet en meer spesifiek die Handves van Menseregte, nie die ideale plek of toepaslike medium is vir die uitspel van verantwoordelikhede nie. Dit kan in ander beleidsbronne vervat word, soos die Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika 2005) of die Konsep- Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne van 2001 (Suid-Afrika 2001:12), waarin sowel die regte as die pligte van gesinne gestipuleer word.

Dit is duidelik dat die inhoud van beleidsdokumente dikwels verdere betekenis aanneem wanneer dit saam met ander bronne gelees word. Straatkinders het dikwels geen kontak meer met hul gesinne nie en hierdie regte word hulle indirek ontnem omdat die gesinne ook dikwels nie hul verantwoordelikhede nakom nie. Groter bewusmaking binne die gemeenskap bied dus die geleentheid vir meer gemeenskapsbetrokkenheid en die neem van verantwoordelikheid. Wette en beleid behoort ook aangepas te word om by die veranderde behoeftes en omstandighede in die gemeenskap aan te pas.

### **- Bedreigings**

Die navorsers is van mening dat mense in die gemeenskap nie altyd bewus is van wetgewing en beleide nie, aangesien hulle nie hierdie wette of beleidsdokumente lees of toegang daartoe het nie. Nog 'n bedreiging wat geïdentifiseer kan word, is die feit dat gemeenskappe as gevolg van wetgewing ooraanhanklik kan word van die regering en nie self verantwoordelikheid aanvaar om die probleem te hanteer of te probeer voorkom nie. Die werklikheid is ook dat die beste belang van die kind nie altyd in die praktyk in ag geneem word nie, alhoewel die Kinderwet 38 van 2005 (Suid-Afrika 2005) aandui dat die beste belang van die kind die belangrikste beginsel is wanneer daar met kinders gewerk word. Ten spyte van al die regte wat kinders het, soos uiteengesit in verskillende wette en beleidsdokumente, word baie kinders se regte steeds ontken – insluitend dié van straatkinders.



Vervolgens word die programme en dienste wat vir straatkinders beskikbaar is, in figuur 2 uiteengesit.



**Figuur 2. Programme en dienste wat vir straatkinders beskikbaar is**

### - Sterktes

'n Verskeidenheid programme vir en dienste aan straatkinders is geïdentifiseer. Hierdie programme en dienste word meestal deur NRO's in Suid-Afrika gelewer en dit is verblydend om te sien dat baie van hierdie organisasies veral op voorkomende dienste fokus. Nog 'n sterkte is die feit dat al hierdie organisasies wat dienste aan straatkinders lewer, nou ook as KIS moet registreer, wat beteken dat hulle aan sekere norme en standaarde moet voldoen.

### - Tekortkominge

NRO's se programme is nie voldoende om die getalle straatkinders te verminder nie en die getalle neem steeds toe. Skhosana (2013:160–71) wys op die tekort aan voldoende fondse en hulpbronne om dienste aan straatkinders te lewer. NRO's is afhanklik van staatsubsidies, Lotto-fondse en borge. Fondse raak al hoe meer beperk en moeiliker bekombaar. NRO's wat veronderstel is om welsynsdienste aan straatkinders te lewer, word swak befonds en personeel word onderbetaal (Dunn en Parry-Williams 2008:20; Thomas de Benitez 2011:141). Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling word voor die uitdaging gestel om sosio-ekonomiese aangeleenthede met beperkte menslike en finansiële hulpbronne te hanteer, en hierdie uitdagings word groter in die lig van die internasionale finansiële krisis en die besnoeiing van begrotings. Dit bring verder mee dat ook befonding aan NRO's wat dienste namens die departement lewer, ingekort word (Thomas de Benitez 2011:141).

Skhosana (2013:169–71) se studie het bevind dat welsynsdienste wat deur NRO's gelewer word, wissel van inwoonsorg, skuilings of instapsentrums vir straatkinders en uitreikprogramme tot voorkomings- en vroeë-ingrypingsprogramme. Daar is ook bevind dat hierdie programme swak befonds en afgeskeep word. Alhoewel maatskaplike-welsynsdienste deur die regering gelewer word en die bedoeling daarvan goed is, versuim die regering dikwels om straatkinders voldoende te beskerm as gevolg van 'n gebrek aan gehaltekoördinerings, monitering en evaluering (Clacherty en Walker 2011). Dit wil dus voorkom of die huidige welsynsdienste wat aan straatkinders gelewer word, nie genoegsaam is om in die behoeftes van straatkinders te voorsien nie (Kopoka 2000:10; Skhosana 2013:177). Ten spyte van al die programme en pogings wat aangewend word om in straatkinders se behoeftes te voorsien, blyk dit steeds ontoereikend te wees.

Organisasies wat dienste aan straatkinders lewer, het die verantwoordelikheid om straatkinders te begelei om goedopgevoede en sosiaal aanvaarbare individue in die samelewing te word. Nog 'n groot tekortkoming is die feit dat straatkinders dikwels manipulerend is en die dienste en programme slegs vir voedsel en skooling gebruik, en dat hulle tussen verskillende programme beweeg en uiteindelik hulself weer tot die straat wend.

#### **- Geleentheid**

Daar is groter bewusmaking en betrokkenheid van die gemeenskap se kant. Die navorsing identifiseer verder die geleentheid dat die regering, NRO's en die gemeenskap kan saamwerk om in die behoeftes van straatkinders te voorsien en dienslewering te bevorder.

#### **- Bedreigings**

Organisasies is dikwels ontoeganklik en die publiek is nie altyd bewus van dienste wat beskikbaar is nie. As gemeenskappe nie ingelig word oor beskikbare dienste nie, kan dienste nie optimaal benut word nie. Dit belemmer dan weer goeie dienslewering aan straatkinders. Nog 'n bedreiging is die finansiële uitdagings wat organisasies in die gesig staar. As organisasies nie oor die nodige fondse beskik nie, kan dienslewering nie optimaal plaasvind nie en sal organisasies hul dienste moet staak. 'n Tekort aan voldoende en opgeleide personeel is nog 'n groot bedreiging vir organisasies.

### **8. Gevolgtrekking**

Uit die bostaande bespreking is dit duidelik dat dienslewering aan straatkinders in Suid-Afrika oor die jare verbeter het en dat die regering daadwerklike pogings aanwend om in straatkinders se behoeftes te voorsien deur wetgewing en beleidsdokumente. Daar bestaan egter heelwat bedreigings wat betref finansiële ondersteuning aan organisasies wat programme en dienste aan straatkinders lewer. As daar in die beste belang van straatkinders opgetree moet word, sal al die uitdagings op die beste wyse aangepak moet word, ten spyte van nasionale en internasionale finansiële tekorte. Die inligting wat in hierdie artikel verkry is, is waardevol en behoort in ag geneem word wanneer 'n program vir straatkinders saamgestel word wat ten doel het om hulle te bemagtig.

Daar is egter nog heelwat uitdagings wat dienslewering aan straatkinders betref en wat aandag moet geniet, soos gemeenskapsbetrokkenheid, finansiële uitdagings, 'n tekort aan opgeleide personeel en hulpbronne by sekere organisasies wat dienste aan straatkinders lewer.

## 9. Aanbevelings

- Meer navorsing moet gedoen word om die verband tussen wetgewing en beskikbare dienste aan straatkinders te illustreer en aanbevelings te maak dat bogenoemde beter geïntegreer word.
- Dit is belangrik dat moniteringsdienste gelewer moet word by organisasies wat dienste aan straatkinders lewer. Die SWOT-ontleding kan dalk meer aangewend word om dienste te ontleed.
- Wetgewing moet voortdurend hersien word indien dit nodig is, ten einde die behoeftes van straatkinders aan te spreek.
- Beter samewerking moet plaasvind tussen verskeie organisasies en ander betrokkenes wat dienste lewer aan straatkinders ten einde oplossings te vind vir die tekortkominge wat steeds ervaar word.
- Dienslewering aan straatkinders moet deur hulle spesifieke behoeftes gerig word. Daarom moet 'n behoeftebepaling te alle tye gedoen word voordat daar op 'n diens besluit word.
- Meer bewusmakingsprogramme moet in gemeenskappe van stapel gestuur word oor beskikbare dienste en programme vir straatkinders
- Wetgewing en beleid rakende dienslewering aan straatkinders moet realities, uitvoerbaar en toeganklik wees.

## Bibliografie

Ashoka. 2004. Helping the street children of South Africa: Profile of Ashoka fellow David Fortune. [http://www.share-international.org/archives/social-justice/sj\\_helping.htm](http://www.share-international.org/archives/social-justice/sj_helping.htm) (8 Maart 2014 geraadpleeg).

Barette, M.J. 1995. *Street children need our care*. Pretoria: Kagiso.

Benghait, L. 2002. Hoop vir Benoni se straatkinders. *Lig*, 31 Januarie, ble. 34–5.

Bosman-Sadie, H. en L. Corrie. 2010. *A practical approach to the Children's Act*. Kaapstad: LexisNexis.

Bryman, A. 2008. *Social research methods*. Londen: Oxford University Press.

Chapman, A. Businessballs.com. 2015. Swot analysis. <https://www.businessballs.com/strategy-innovation/swot-analysis-19/> (23 September 2015 geraadpleeg).

CharitySA. 2015a. Twilight children. <http://www.charitysa.co.za/twilight-children.html> (10 Mei 2015 geraadpleeg).

—. 2015b. Voiceless call. <http://www.charitysa.co.za/voiceless-call.html> (10 Mei 2015 geraadpleeg).

Clacherty, G. en J. Walker. 2011. Including street children: A situational analysis of street children in Durban, South Africa. <http://www.streetchildrenresources.org/wp-content/uploads/2013/01/including-street-children-south-africa.pdf> (10 Mei 2015 geraadpleeg).

Cox, D. en M. Pawar. 2006. *International social work: Issues, strategies and programs*. Londen: Sage.

Dunn, A. en J. Parry-Williams. 2008. Alternative care for children in Southern Africa: Progress, challenges and future directions. (Working paper.) Nairobi: UNICEF. [http://www.unicef.org/esaro/Alternative\\_care\\_responses\\_\\_ESAR\\_06\\_2008.pdf](http://www.unicef.org/esaro/Alternative_care_responses__ESAR_06_2008.pdf) (10 Mei 2015 geraadpleeg).

Engel, R.J. en R.K. Schutt. 2013. *The practice of research in social work*. Los Angeles: SAGE Publishers.

Ennew, J. 2003. Difficult circumstances: Some reflections on street children in Africa. *Children, Youth and Environments*, 13(1):1.

Faul, A.C. en M.A. van Zyl. 2004. Constructing and validating a specific multi-item assessment or evaluation tool. In Roberts en Yeager (reds.) 2004.

Görener, A., K. Toker en K. Ulucay. 2012. Application of combined SWOT and AHP: A case study for a manufacturing firm. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 58:1525–34.

Grinnell, R.M. en Y.A. Unrau. 2014. *Social work research and evaluation: Foundations of evidence-based practice*. London: Oxford University Press.

Hanbury, C. 2002. *Life skills: An active learning handbook for working with street children*. Oxford: Macmillan Education.

Hewitt, T. 2015. Freedom tree-surfers not street children. <http://tomhewitt.org/street-children> (31 Augustus 2015 geraadpleeg).

Homestead. 2015. The Homestead projects for street children. <http://thehomestead.org.za> (10 Mei 2015 geraadpleeg).

Idemudia, E.S., K. Kgokong en P. Kolobe. 2013. Street children in Mafikeng, North-West Province: A qualitative study of social experiences. *Journal of Social Development in Africa*, 28(1):162–4.

James House. 2015. James House: Child & Youth Care Excellence. <http://www.jameshouse.org.za> (30 April 2015 geraadpleeg).

- Khulisa. 2015. Way home programme. <http://archive-za.com/page/2664766/2013-08-19/http://www.khulisaservices.co.za/programmes/prevention/way-home-street-children-programme> (8 April 2015 geraadpleeg).
- Kids Haven. 2015. Kids haven: A place where souls are mended! <http://www.kidshaven.org.za/?gclid=CJa2spesqsUCFQLlwgodl3IAzQ> (15 April 2015 geraadpleeg).
- Kit, L. 2004. Street children: Overview. <http://www.kit.nl/specials/html/scstreetchildren> (13 Augustus 2012 geraadpleeg).
- Kopoka, P.A. 2000. The problem of children living and working in the street in Africa: An ignored tragedy. Referaat gelewer by The International Conference on Children Living and Working in the Streets: Health in East Africa, April 19–21, Dar es Salaam, Tanzanië.
- Lefeh, N.R. 2008. South African Government responses to the plight of street children: An analysis of policy development and implementation in Johannesburg. MA-verhandeling, Universiteit Witwatersrand.
- Le Roux, J. 1996. Street children in South Africa: Findings from interviews on the background of street children in Pretoria, South Africa. *Adolescence*, 31(122):423–31.
- Lewis, H.P. 2004. *Also God's children: Encounters with street children*. Kaapstad: Ihilihili Press.
- Louw, S. 2008. 'n Ekologiese perspektief op die straatkindverskynsel. PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.
- Louw, S. en R.P. Reyneke. 2011. Indikatore vir 'n maatskaplikewerk-intervensieplan vir straatkinders. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(2):217–37.
- Mako, M.K. 2000. Streetwise: A psychological analysis of the lives of street children. PhD-proefskrif, Universiteit van die Noorde.
- Mamelani. 2015. Mamelani at a glance. <http://www.mamelani.org.za> (30 April 2015 geraadpleeg).
- McLaughlin, H. 2012. *Understanding social work research*. Los Angeles: SAGE Publishers.
- Monette, D.R., T.J. Sullivan en C.R. DeJong. 2011. *Applied social research: A tool for the human services*. Londen: Brooks/Cole Cengage Learning.
- Motale, S. 2010. Developmental social welfare: A contribution to poverty alleviation. Referaat gelewer by die School for International Training Community Health Programme, 12 Oktober, Johannesburg.
- Motale, S. en T. Smith. 2003. Exposed to risk: Girls and boys living on the streets. *Agenda*, 17(56):62–72.

- Mufune, P. 2000. Street youth in Southern Africa. *International Social Science Journal*, 53(2):233–43.
- Patel, L. 2005. *Social welfare and social development in South Africa*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Peacock, R. (red.). 2013. *Victimology in South Africa*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Peacock, R. en F. Rosenblatt. 2013. Victimization vulnerability of street (community) children. In Peacock (red.) 2013.
- Ray, P., C. Davey en P. Nolan. 2011. Still on the street – still short of rights: Analysis of policy and programmes related to street involved children. [http://www.ohchr.org/Documents/Issues/Children/Study/survey\\_report\\_2011\\_web2.pdf](http://www.ohchr.org/Documents/Issues/Children/Study/survey_report_2011_web2.pdf) (10 April 2015 geraadpleeg).
- Roberts, A.R. en K.R. Yeager (reds.). 2004. *Evidence-based practice manual: Research and outcome measures in health and human services*. New York: Oxford University Press.
- Saleebey, D. 2013. *Strengths perspective in social work practice*. 6de uitgawe. Boston, Mass.: Allyn and Bacon.
- Salesian Institute Youth Projects. 2015. Educating and empowering at-risk children and youth. <https://www.salesianyouth.org.za/what-we-do/programs> (10 April 2015 geraadpleeg).
- Shaffer, D.R. en I. Kipp. 2014. *Development psychology: Childhood and adolescence*. New York: Wadsworth Cengage Learning.
- Shaw, G.B. 2001. Street children – community children. <http://www.pangaea.org/streetchildren/kids.htm> (30 Julie 2010 geraadpleeg).
- Sinethemba. 2011. *Business plan 2011*. Knysna: Sinethemba.
- Skhosana, R.M. 2013. Social welfare services rendered to streetchildren in Pretoria: Perspectives of service providers. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- Smith, A.G. en L. Liebenberg. 2000. The inner city street child: A profile of the dilemma and some guidelines. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 36(1):25–35.
- Streetsmart South Africa. 2015. How does Streetsmart work? <http://www.streetsmartsa.org.za> (10 April 2015 geraadpleeg).
- Suid-Afrika. 1992. *Wet op Maatskaplike Bystand no. 59 van 1992*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 1996a. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 1996b. *Suid-Afrikaanse Skolewet (South African Schools Act) no. 84 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

- . 1997. Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (White Paper for Social Welfare: Principals, guidelines, recommendations, proposed policies and programmes for developmental social welfare in South Africa). (Government Notice R1108 of 1997.) *Government Gazette*, 386 (18166), 8 Augustus, ble. 3–100.
- . 2005. *Kinderwet (Children's Act) no. 38 van 2005*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2006. *Integrated Service Delivery Model for Social Development*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2007. *Kinderwysigingswet (Children's Amendment Act) no. 41 van 2007*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . Departement Maatskaplike Ontwikkeling. 2001. *Draft national policy framework for families*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . Departement Maatskaplike Ontwikkeling. 2010a. *National policy framework and strategic plan for prevention and management of child abuse, neglect and exploitation*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . Departement Maatskaplike Ontwikkeling. 2010b. *Strategy guidelines for children living and working on the streets*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum. 2014. *Besigheidsplan 2013/2014*. Potchefstroom.
- Thomas de Benitez, T. 2011. State of the world's street children: Research. [http://www.streetchildrenresources.org/wp-content/uploads/2013/02/State\\_of\\_the\\_Worlds\\_Street\\_Children\\_Research\\_final\\_PDF\\_online.pdf](http://www.streetchildrenresources.org/wp-content/uploads/2013/02/State_of_the_Worlds_Street_Children_Research_final_PDF_online.pdf) (15 Maart 2015 geraadpleeg).
- Thyer, B. 2010. *The handbook of social work research methods*. Los Angeles: SAGE Publishers.
- Umthombo. 2014. Umthombo: Street children South Africa. <http://www.umthombostreetchildrensa.org> (12 Maart 2015 geraadpleeg).
- UNICEF. 2002. *State of the world's children 2003: Child participation*. New York: UNICEF.
- Verenigde Nasies. 1989. *Konvensie oor die Regte van 'n Kind (Convention on the Rights of a Child)*. Genève: Verenigde Nasies.
- Volpi, E. 2003. Children living and working in the street: Promising practices and approaches. *Child, Youth and Environments*, 13(1):1–30.
- Ward, C.L. 2007. *Monitoring child well-being. A South African rights-based approach*. Pretoria: HRSC Press.
- Ward, C.L. en J.R. Seager. 2010. South African streetchildren: A survey and recommendations for services. *Development Southern Africa*, 27(1):85–100.

Wargan, K. en L. Dreshem. 2009. Don't call me a street child: Estimation and characteristics of urban street children in Georgia. [http://pdf.usaid.gov/pdf\\_docs/Pnado657.pdf](http://pdf.usaid.gov/pdf_docs/Pnado657.pdf) (15 Mei 2015 geraadpleeg).

Weyers, M.L. en A. Herbst. 2013. *Inleiding tot sosio-ekonomiese ontwikkeling: 'n Handleiding*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Zastrow, C.H. 2010. *Introduction to social work and social welfare: Empowering people*. 9de uitgawe. Pacific Grove, Kalif.: Thompson Brooks/Cole.

Zastrow, C.H. en K. Kirst-Ashman. 2016. *Understanding human behavior and the social environment*. 10de uitgawe. Boston, Mass.: Cengage Learning.